BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# VERGETE PAAIE

# Deel 5 – Die Pad van Dankbaarheid

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Noem iets waaroor jy hierdie week dankbaar is? Verduidelik.**

---

---

---

**Hoe ervaar jy dit as iemand vir jou kon bedank of erkenning gee, maar dit nie doen nie?**

---

---

---

**Wie sal jy sê is die mense wat jou gehelp vorentoe gaan het in jou lewe? Vertel jou groep van een of twee van hulle. Wanneer laas het jy hulle hiervoor bedank?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die volgende vrae:**

**Efesiërs 5:20 en 1 Tessalonisense 5:18. Hoekom dink jy is hierdie vir ons so moeilik om te doen?**

---

---

---

**Wat dink jy is die gevolg, indien ons die bogenoemde verse doen, op ons verhouding met God en met ander mense?**

---

---

---

**Filippense 2:14. Wat dink jy is die teenoorgestelde van hierdie opdrag? Hoe kan ons veg teenoor ons natuurlike neiging om te kla?**

---

---

---

**Kolossense 3:15 en Filippense 4:6-7. Dink jy daar is 'n konneksie tussen vrede en dankbaarheid in ons lewe? Verduidelik.**

---

---

---

**Deuteronomium 8:10. Wat dink jy kan gebeur as hierdie versie meer gereeld toegepas word? Verduidelik.**

---

---

---

**Kolossense 1:12 en 3:16-17. Soms is ons omstandighede uitdagend. Waaraan herinner hierdie verse ons waarvoor ons as Christene altyd dankbaar voor kan wees? Hoekom is dit belangrik om dit te onthou as ons omstandighede baie verander?**

---

---

---

**In die preek is 4 dinge genoem hoe ons dankbaarheid kan wys: *1) Sê; 2) Sing; 3) Gee; en 4) Bid*. Watter van hierdie is tans sigbaar in jou lewe? Aan watter sal jy meer aandag wil gee? Verduidelik.**

**Vir watter persone kan jy hierdie week bedank? Hoe gaan jy dit doen? Waarvoor gaan jy hulle bedank?**

**Maak 'n lys van 10 dinge waarvoor jy God wil bedank en bid dan daaroor.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**